Oktober 2025 10/25 GK Pretoria-Annlin Maandblad

# Die Fontein



## Hervorming

Altyd reformeer

Kernbeginsels van ons geloof

Hervorming in die Christelike geloof

# Die Fontein
Maandblad

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN

## DIE MAAND IN DIE FONTEIN
OKTOBER 2025

### Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen


### Geestelike groei

02 Woordoordenking
04 Altyd reformeer
06 Hervorming in die Christelike geloof
08 Elke dag hervorm!
09 Die kernbeginsels van ons geloof
10 Gebedsversoeke: Vernuwing


### Gemeentenuus

11 Lewe ons in afhanklikheid van Christus?
12 Praatjie oor depressie en uitbranding
13 'n Dubbele dosis geloofsversterking
14 Kerkfinansies


### Rubrieke

15 Welkom!
16 Kollig: Skakel met GRC
17 Diakonie: Vervoergroep
18 Blokraaisel
19 Het jy geweet?
20 Diere en voëls van die Bybel
21 Tienerfokus
25 Briewekolom


### Kinderhoekie

22 Vervolgverhaal
23 Kleuterpret
24 Jongmensjolyt


### Advertensies

26 Snuffelfontein en Blokadvertensies


**Teks vir die maand:**

"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God."
"...in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."

Efesiërs 2: 8, 10

# Redaksioneel

## Uit die Redakteur se Pen

Magda du Toit


Ons tema vir die Oktober-uitgawe van Die Fontein is **Hervorming**. ’n Ander woord wat dikwels hiervoor gebruik word, is reformasie. Dié tema sluit pragtig aan by ons tema van die vorige maand wat gefokus het op hoe ons as uitverkorenes elke dag ons ou natuur moet kruisig en ons ons opnuut moet instel om nuut te lewe.

Die tema is ook in pas met die herdenking van die kerkhervorming in Oktober. Dit herinner ons aan die gebeure van 31 Oktober 1517 toe Martin Luther sy 95 stellings teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker het.

Wat het die gebeure van daardie tyd met ons gemeente en ons lewens vandag te doen? Heelwat meer as wat ons dink! En dit is waaraan ons aandag gaan gee in dié maand se uitgawe.

In ons artikels gebruik ons ’n revolusionêre geloofsgebeurtenis van vyf eeue gelede as anker en vertrekpunt om te kyk hoe dit ons lewens elke dag raak, maar ook om ons aan te moedig om elke dag anders te leef en te dink.

Ons vier as’t ware met hierdie uitgawe die feit dat die hervorming daartoe gelei het dat die Bybel in die eie taal van mense vertaal is. En omdat ons die Bybel in ons eie taal kan lees, kan ons nader aan die Woord van God leef en ons lewensriglyne daaruit kry.



Ons is ook dankbaar dat ons nie op mense hoef te reken om ons oortredinge te vergeef nie. Ons kan sonder vrees kerk toe kan gaan sonder dat dit nodig is om eers ’n kredietkaart teen ’n Yoco-kaartmasjien te tik om vir jou sondes te betaal voordat jy by die kerkdeur ingaan.

Ons nooi jou uit om saam te lees oor die verloop van die hervormingsgebeure en uit dié gebeure te kyk hoe ons as gereformeerdes, hervormd behoort te leef. Ons gaan ook ondersoek instel na wat persoonlike reformasie inhou.

Onthou om die blokkiesraaisel te voltooi en stuur dit gerus in. Moet ook nie vergeet van die kinders se inkleurprent nie – maak ’n afskrif vir hulle om in te kleur. Ons nooi jou uit om jou sê te sê in ons Briewekolom. As lidmaat is jy welkom om gratis ’n klein advertensie oor jou besigheid, of iets wat jy wil verkoop, in die blad se Snuffelgids te plaas.

Laat weet ons ook indien jy ’n gedrukte weergawe van Die Fontein wil ontvang. Die gedrukte uitgawes word Sondae na kerk in die konsistorieportaal uitgedeel.

Lekker lees!

Stuur asseblief jul insette en advertensies na **fontein@annlin.co.za**

# Woordoordenking: By die hervorming: Goddelike Geregtigheid - ons deel deur geloof

Ds. Nic van der Walt

Romeine 1:17 het 'n geweldige wending in die Hervorming van die sestiende eeu gebring.

Hierdie woorde uit Romeine het Martin Luther, daardie kragdadige Hervormer, tot die insig gebring dat God se geregtigheid slegs uit genade deur die geloof, sonder enige verdienste, ons deel word. Die geskenk van die ewige lewe word God se kinders se deel slegs deur 'n ware geloof.

Let op die onderskeie vertalings van Romeine 1:17:

In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: **Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe** (1983-vertaling)

Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: **Maar die regverdige sal uit die geloof lewe** (1933/1953-vertaling)

Want daarin word geopenbaar dat die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus. Soos daar geskrywe staan: **Die regverdige op grond van geloof sal leef** (2020 vertaling)

Twee kernsake kom baie duidelik uit hierdie Skrifteks na vore:

1. **God se geregtigheid is God se genade-geskenk van ewige redding.**
2. **Alleen deur 'n ware geloof kan ons hierdie genade-geskenk ons eie maak.**

## Skrifgedeelte: Romeine 1:17

### 1. God se geregtigheid is God se genade-geskenk:

Die evangelie is die blye boodskap van God se genade. God het ons, deur die bloed van Christus, sonder enige verdienste, met God versoen en geregverdig.Die geregtigheid van God is die geregtigheid wat voor God kan bestaan. Om gered te word tot die ewige lewe moet die mens volgens God se oordeel van ons sondes vrygespreek word.

Die Jode wil deur die verdienste van wetsonderhouding geregverdig voor God staan. Daarteenoor leer die apostel baie duidelik, soos soveel Skrifdele dit stel, dat dit onmoontlik is om op grond van menslike verdienste voor God regverdig, sonder skuld te kan staan.

Uit onsself is ons te sondig. Nee, alleen as God sy kind uit genade regverdig, genadig onskuldig verklaar, deur die versoening in Christus, staan die mens voor God geregverdig.


En dit is die kernboodskap van die Hervorming wat ons saam kan bely:

Ons word uit genade alleen gered. Alleen op grond van die verdienste van Christus beërwe ons die ewige lewe.

# Woordoordenking: By die hervorming: Goddelike Geregtigheid - ons deel deur geloof

Ds. Nic van der Walt

**O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, en hoe onnaspeurlik sy weë!**
**Want uit Hom en deur Hom**
**en tot Hom is alle dinge.**
**Aan Hom kom die heerlikheid vir ewig toe!**
**(Romeine 11: 33 & 36)**



## 2. Alleen deur 'n ware geloof

Die heerlikste geskenke van genade word aan ons geskenk. Soveel geestes-geregte van sondevergewing en die ewige lewe word aan ons voorgesit.

Maar as ons hierdie genade-geskenke van God net besing, maar nie deel van ons lewe maak nie, nie deel van ons geestelike spysvertering maak nie, staan ons nog buite.

**Daarom: alleen deur die ware geloof word hierdie geskenke van God deel van ons lewe.**

Wat is die geloof waarvan die apostel Paulus praat in Romeine 1:17?

Geloof is die vaste vertroue op God; Sondag 7 van die Heidelbergse Kategismus:

**'n Ware geloof is .... 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit louter genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.**

(Rom. 1:17; Gal. 3:11; Hebr. 10:10,38; Gal. 2:16)

Geloof is 'n gawe wat God skenk, op grond waarvan Hy ons red. (Ef. 2:8). So is dit dan God se genade wat red, nie jou geloof nie. God het jou gered en in sy genade werk Hy deur die Heilige Gees geloof in jou hart.

God skenk dus redding uit genade én Hy skenk verder, deur sy Gees, die geloofshand om die genade-geskenk in ontvangs te neem! Geskenk en geloofshand kom van God.

Hierdie geloof hou in dat jy in 'n nuwe vertrouensverhouding met die Here te staan kom. Jou vertroue stel jy nie meer in jouself of op iets of iemand anders nie, maar op God alleen. Jou geloof is die hand waarmee jy sy geskenk, Jesus Christus, omhels. En so het jy die ewige lewe (Joh. 5:24). Die ewige lewe begin nie na die aardse dood nie, maar wanneer 'n kind van die Here tot geloof kom.

Besef dat die geloof wat jy ervaar deur God aan jou gegee is. Gebruik hierdie hand wat Hy jou gee om alles wat Hy in en deur Jesus Christus gee, gelowig aan te gryp en jou eie te maak.

# Altyd Reformeer

Prof. Koos Vorster

Die hervormers van die sestiende eeu het hulle verset teen die starre gesag-strukture van die Rooms Katolieke Kerk (RK) van daardie tyd. Nie net was die RK 'n aktiewe speler in die outokratiese politieke sisteme nie, maar het 'n eie gesagstruktuur onder die hoofskap van die Pous in Rome onderhou. Hoewel die RK die gesag van die Skrif erken het, het hulle daarnaas en op gelyke vlak die kerklike gesag erken. Die kerklike gesag het bestaan uit dit wat oor die loop van die geskiedenis van die kerk deur konsilies en Pouslike uitsprake besluit is. Die kerklike tradisie en die Skrif was gelyke gesagsbronne en op grond van beide is die kerkregering uitgeoefen.

Die hervormers het aangetoon dat baie van die sake wat in die kerklike tradisie geyk is en in die RK van daardie tyd gehandhaaf is, **nie werklik op die Skrif gegrond is nie.** Die RK tradisie is bevraagteken en die hervormers, veral Calvyn het kardinale RK leerstellinge bevraagteken. In sy Institusie van die Christelike Godsdiens het hy die dwalinge van die RK tradisie bestry en die beginsels van die Gereformeerde godsdiens neergelê.



Die gesaghebbende betoog is vandag nog aktueel en word steeds in baie tale vertaal en hervertaal.

Calvyn en sy volgelinge het slegs die Skrif as gesaghebbend aanvaar en duidelik getuig dat geen ander menslike gesag – nie koning of pous of kerklike tradisie – daarmee gelykgestel kan word nie. God regeer deur sy Woord en Gees en alle ander gesag is daaraan onderhewig.

**Refomasie is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar 'n aanhoudende proses.**

Hulle was egter ook daarvan bewus dat mense gemaklik die tradisie tot gesagsbron kan verhef en daarom het hulle 'n baie belangrike beginsel uitgelig en dit is dat refomasie nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie, maar 'n aanhoudende proses.

Die Gereformeerde godsdiens moet altyd reformeer en **die kerk is nie net ge-reformeerd nie, maar ten diepste reformerend.** Op hierdie wyse het hulle gepoog om die gevare van tradisieverslawing te besweer.


# Altyd Reformeer (vervolg)

Maar wat dan van kerklike gesag?

Die gereformeerdes het so geredeneer: **Die enigste deurslaggewende gesag is die Skrifopenbaring.** Niks is daarmee gelyk nie. Onderworpe aan die Skrif is kerklike belydenis. Op grond van die Skrifopenbaring het die hervormers in die tyd van die Hervorming baie belydenisskrifte opgestel waarmee hulle wou uitdruk wat hulle glo en bely. In die kerke is van hierdie belydenisskrifte gebruik om die identiteit van die kerk aan te dui en van 'n gelowige is verwag om die belydenisskrifte te onderskryf.

**"God regeer deur sy Woord en Gees en alle ander gesag is daaraan onderhewig."**

Gereformeerde kerke het belydenisskrifte soos ons goed weet. Maar die belydenis-skrifte is nie gelyk aan die Skrif nie en moet voortdurend aan die Skrif getoets word. Op grond van die belydenis word die Kerkorde opgestel wat aandui hoe Christus sy kerk deur middel van die verskillende dienste regeer. Dan volg kerklike besluite geneem op die wyse wat die Kerkorde, in die lig van die belydenis en op grond van die Skrif, as die enigste gesag aandui.



Kerklike gesag is onderhewig aan Skrifgesag en om hierdie prinsipiële balans te hou moet kerklike gesag voortdurend aan die beginsel van altyd reformeer getoets word. Kerklike besluite is nie in beton gegiet nie. Sodra die tradisie ingaan teen die Skrif mag dit nie gehandhaaf word nie en moet dit verander word op die wyse wat die Kerkorde aandui.

Tradisiegesag kan intree wanneer kerklike vergaderings bindende besluite neem en die gewetens van gelowiges bind aan sake wat nie in die Skrif aan die orde is nie en wat nie die belydenis raak nie. Wanneer tradisie op so 'n wyse 'n eie gesag word, is ons terug by die tyd voor die Hervorming.

Die beginsel van **altyd reformeer** in ons tyd waarsku ons om lugtig te wees vir allerlei bindende besluite wat gepas en belangrik lyk, maar eintlik ons oog wegneem van die essensie van ons godsdiens.

Die goeie re-formerende weg is minder besluite en meer vryheid van die gelowige gewete, minder sake op kerklike vergaderings en meer individuele verantwoordelikheid asook minder sinode en meer plaaslike kerk.

# Hervorming in die Christelike geloof

Gerhard van Staden

Na Jesus se opstanding is die Christendom gevestig. Aanvanklik het die eerste Christene dit bitter moeilik gehad en het die oorgrote meerderheid van hulle as martelare vir hul geloof gesterf. Aan die einde van die eerste eeu het die Christene alreeds onder mekaar getwis en het elkeen sy eie koers ingeslaan weens 'n gebrek aan outoriteit en eenheid. Christene is oor die algemeen valslik beswadder. Hulle moes ook hul godsdiens in die geheim beoefen. Die keerpunt het egter in die derde eeu gekom toe Konstantyn die eerste Christelike Keiser van die Romeinse Ryk geword het. Die Christendom het toe die amptelike godsdiens geword.

In die vyfde eeu val die Romeinse Ryk, maar die kerk het egter sterker geword. Gedurende 1054 het die kerk in twee geskeur, te wete die Rooms Katolieke Kerk (Weste) en die Ortodokse Kerk (Ooste). Hierdie was die eerste groot skeuring. Tot ongeveer 1500 het die verhouding tussen staat en kerk nou verweef geraak. Godsdienstige toewyding het belangrik geword. Teen die einde van die 16de eeu was daar erge probleme met die kerkregering (polities, godsdienstig en intellektueel). Mense het met hulle kop en verstand oor die Bybel begin dink en het na toewyding aan God begin verlang. Iewers moes iets knak!

**Reformasie nodig**

Die Reformasie het op 31 Oktober 1517 in Wittenberg begin. Hoe?
Die Duitser, **Martin Luther**, spyker 95 stellings teen 'n kerkdeur vas. Hy is uit die Roomse Kerk geskop (geëkskommunikeer). Deur dit te doen het die Roomse Kerk gedink dat hulle van die nuwe beweging ontslae sou kon raak. Die Fransman **Johannes Calvyn** (die vader van Calvinisme en die Gereformeerde Kerk) het veral klem gelê op die leer van regverdigmaking deur geloof.

Drie slagspreuke is tydens die aanvanklike Reformasie gebruik:

**Sola Scriptura (skrif alleen)**

**Sola gratia (alleen genade)**

**Sola fide (alleen geloof)**

Die reformators en hulle volgelinge (Protestante) is uit die Roomse Kerk geskop. Die Protestante moes nou hul eie identiteit ontdek. Hier het iets belangrik gebeur: Die kerk is nie meer die instituut van Rome nie, maar die kerk is gelowige mense wat bymekaar is met die woord en sakramente ... op enige plek en op enige wyse van aanbidding. Daar was ook nadele: Kerkeenheid was nie so belangrik nie. Dit het daartoe gelei dat die kerk in stukke opgebreek het. Die eerste groot skeuring onder die Protestante het gekom toe sekere groepe nie oor die doop kon saamstem nie. Selfs Gosdienstige oorloë het gevolg.

# Hervorming in die Christelike geloof (vervolg)

**Op die suidpunt van Afrika**


In Suid-Afrika het die Nederduitse Gereformeerde Kerk met die koms van die eerste Nederlandse setlaars ontstaan. Sedert die vroeë 1800's was daar ontevredenheid oor bepaalde geestelike en liturgiese ontwikkelings, onder andere die invoer van 'n nuwe gesangeboek, wat verpligtend gemaak is.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het in 1859 ontstaan weens verskille in teologiese- en leerstellingsverband. Daar was ook politieke omstandighede ter sprake. Die GKSA wou op veral twee terreine vry wees: kerke moes nie onder die gesag van die owerhede wees nie en hulle wou nuwe teologiese ontwikkelings selfstandig toets.

Die Christendom het van 'n klein groepie dissipels tot die grootste godsdiens in die wêreld ontwikkel. Wat hou die toekoms in? Solank die boodskap van Jesus Christus nuwe lewe bring, dan sal die Christendom steeds groei, ongeag die menslike verskille wat altyd daar sal wees!

Bronnelys:
Van der Walt, Jan (Redakteur), et. el. Die Bybel A-Z. Christelike Uitgewers-maatskappy, Vereeniging. 2003.

**Tydlyn:**




Bronnelys:
Sadgrove, Michael. Godsdienste van die wêreld. Struik Christelike Boeke. Kaapstad. 1989.

# Elke dag hervorm!

Magda du Toit

**Lees Romeine 12 met die fokus op verse 2 en 21.**

**Moenie tuis raak in hierdie wêreld met al sy boosheid nie. Nee, laat God julle van binne af nuutmaak. Laat Hy julle manier van dink verander sodat julle kan weet wat Hy van julle verwag. Dan sal julle ook weet wat Sy wil is en hoe julle julle hele lewe elke dag aan Hom moet oorgee. Moenie toelaat dat dit wat sleg is in jou lewe die oorhand kry nie. Oorwin die Bose deur te doen wat God van jou vra. (Die Boodskap)**

Die woord hervorming of reformasie is afgelei van die Latynse woord **reformatio** wat hernuwing of herstelling beteken.

Hoewel dit waar is dat ons reeds geregverdig is deur die offerdood van Jesus Christus, bly dit steeds belangrik om elke dag ons lewens te meet aan die voorbeeld wat ons in Jesus het. Maar dit kan nie net by meet bly nie. Ons moet ook ons lewens verander sodat ons Jesus se ingesteldheid en liefde kan weerspieël.

Ons moet elke dag ons verhouding met die Here herstel, ons gedagtes en gedrag hernuwe, ons ingesteldheid hervorm. Dit is wat daaglikse reformasie inhou. Dit verg dat ons daagliks moet investeer in ons stiltetyd want hervorming is gebaseer op eenvoudige stappe: dink, reflekteer, besin, besluit en aksie.

Die sonde trek egter voortdurend dik, swart strepe dwarsoor ons goeie voornemens. Dit laat ons dikwels moedeloos en dan skaar ons ons by die woorde van Paulus in Romeine 7:15 en 21:

**Ek kan nie verklaar hoekom ek sonde doen nie. Want ek wil dit nie doen nie. Tog doen ek dinge wat ek met my hele wese haat. Elke keer as ek besluit om goed te doen, pootjie die sonde my. (Die Boodskap)**

Maar net soos die son elke dag opnuut oor ons skyn en die donker verdryf, net so kan ons elke dag weer nuut begin.

Persoonlike geloofshervorming is 'n transformasieproses wat groei uit 'n diep en intieme verhouding met God.
Psalm 1:2:

**Dit gaan goed met die mens wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.**

Hoe meer die Woord van God deel word van ons lewens, hoe meer word ons gedagtes met Sy woorde gevul. Hoe meer ons die Bybel lees, hoe meer aktiveer die Heilige Gees God se wil in ons gedagtes. Hoe meer ons van God se liefde en genade lees, hoe meer sal ons agter God aan begin dink, praat en leef.

Die 95 stellings wat op die kerkdeur vasgespyker is, was Luther se manier om die kerk tot verantwoording te roep. Maar dit roep ons ook elke dag tot verantwoording om oor ons lewens te besin.

Bou ons nog ons lewens op die beginsels wat ons in die Woord van God vind?

# Die kernbeginsels van ons geloof

Magda du Toit

As gelowiges is ons lewens gebaseer op die hele Bybel as Heilige en onfeilbare Woord van God waarin God homself aan ons openbaar. Hierdie vyf geloofsbeginsels moet as 'n eenheid beskou word.



### Sola Scriptura: uit die Skrif alleen

**Die Bybel dra die hoogste gesag vir leer en lewe.** Vandag, in 'n era van fopnuus en 'n oorvloed van teenstrydige inligting, is hierdie beginsel van besondere waarde om ons staande te hou.



### Sola Fide: uit geloof alleen

Die mens word deur sy geloof alleen verlos en nie deur werke nie. Dié beginsel gee aan ons hoop en verligting, aangesien dit bevestig dat ons nie ons verlossing hoef te verdien deur goeie werke nie.



### Sola Gratia: uit genade alleen

God se genade vorm die grondslag van ons verhouding met hom. Die wêreld fokus op prestasie en meriete wat verdien moet word, maar ons redding is 'n geskenk van God wat ons uit Sy genade ontvang het.



### Solus Christus: Christus alleen

Jesus Christus is die middelpunt van ons geloof. Dit skuif die fokus weg van mensgemaakte strukture en tradisies na Jesus Christus as die kern – Hy wat ons deur genade verlos het.



### Soli Deo Gloria: aan God alleen die eer

Ons moet aan God alleen alle eer gee vir alles wat ons het. In 'n tyd waar selfverheerliking en selfverwesenliking die norm is, moet ons daarteenoor alle eer aan God gee.

# Gebedsversoeke – Herlewing, hervorming, vernuwing

Carina Pyper

Herlewing het alles te doen met lewe. Herlewing en hervorming bring vernuwing. Ons is deur die Gees hervorm tot geloof in die waarheid van die Woord alleen.

Draai weg van elke sonde wat 'n hindernis kan wees. Wy jouself opnuut aan die Verlosser. Ons weet egter alles is gegrond in en **deur God se genade alleen.**

**Skriflesing: Jes. 59:1-2:**

**"Kyk, die hand van die Here is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het Sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie."**



Daarom bely ons ons sondes en bid:

**Heilige Gees, wys ons ons oortredinge teenoor U en ons naaste, dat ons dit sal herken, erken en bely. Vergewe ons ons skulde soos ons ook dié vergewe wat teen óns verkeerd optree. Hemelse Vader, ons kan nou met vrymoedigheid na U genadetroon kom en tot U bid.**

**Here, help ons, U kinders, om nie aan hierdie wêreld gelykvormig te word nie, maar verander ons deur die vernuwing van ons gemoed, sodat ons kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God volgens U Woord alleen is (Rom. 12:2).**

**Ons bid dat ons die ou mens met sy werke aflê en ons met die nuwe mens beklee wat vernuwe word tot kennis na die beeld van ons Skepper, waar Christus alles en in almal is. Ons bid dan dat ons ons sal beklee as uitverkorenes van God, as heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid en lankmoedigheid.**

**Alleen aan God al die eer (Kol. 3:9-12). Ons bid dat U ons hierin sal lei deur die werking van die Heilige Gees. In Jesus Naam.**

**AMEN**

## Lewe ons in afhanklikheid van Christus?

Johnny en Andrie Beumer

Ons sê altyd "Gedeelde vreugde is dubbele vreugde en gedeelde smart is halwe smart." Maar is dit waar?

Tydens die pas afgelope kerkkamp is daar gekyk na die verskillende vorme van swaarkry en beproewing wat mense om jou tref. Hoe kan ons as gelowiges mekaar bystaan om die pyn te versag? Hier het ons geleer dat ons soms met goeie bedoelings die verkeerde dinge kan sê wat die pyn eerder verskerp. Ds. Pieter het verskeie situasies geskets en voorbeelde gegee van wat nie gesê moet word nie. Hy het egter daarop gewys dat daar nie 'n standaard resep is om die regte begeleiding te doen nie, maar dat ons fyn moet luister na wat die Heilige Gees vir ons sê. Soms moet ons net daar wees en luister. So het ons as kampgangers aandagtig geluister en gesprek gevoer oor hoe ons sekere situasies kan benader.

Die kampprogram het verskeie aktiwiteite ingesluit soos toerustingsessies, oordenkings, speletjies, braai en boeresport wat deur die jongmense onder leiding van Clarissa aangebied is. Om dan nie eers te praat van die heerlike etes wat die kampgangers geniet het nie. Rita Kruger en haar helpers het hulleself weer in hierdie verband oortref!

Sondagoggend is die erediens deur ds. Pieter gelei en hy het beklemtoon dat ons in afhanklikheid van Jesus moet lewe en ook mekaar daarin moet help. Die beeld wat ons as gemeente na buite uitstraal, moet een wees van toeganklikheid. Die kampgangers het heerlik saamgesing en die sang was so pragtig omdat die saaltjie hom uitstekend daartoe geleen het.

Die belangrikste is dat ons as lidmate mekaar beter leer ken het en heerlik saamgekuier het. Hiertoe het die terrein hom uitstekend geleen. Daar was genoeg slaapplek vir almal, silwerskoon ablusiegeriewe, 'n helderblou swembad en 'n rustige natuuromgewing waar verskeie boksoorte rondom ons gewei het.



# Praatjie verskaf kritiese inligting oor depressie en uitbranding

Gerhard van Staden

Die Terebinte-groep, onder leiding van oudl. Hannes Venter, het in September 'n gasspreker genooi om ons meer te kom vertel oor depressie. Dr. Cherine Kirsten is 'n mediese dokter met 'n passie vir geestestoestande en het dit in haar opening kategories gestel dat sy geensins die gehoor wou belas met kliniese en wetenskaplike terme nie. Die doel van haar praatjie is om op die hooftrekke van depressie te fokus. Die groot opkoms was tekenend daarvan dat dié onderwerp vir baie mense belangrik is.

Depressie, volgens dr. Kirsten is 'n geestestoestand, maar net soos ander siektes, het dit menigte oorsake.

**Algemene simptome van depressie:**

- onttrekking uit die samelewing
- erge irritasie
- konstante hartseergevoel
- angstigheid

**Van die oorsake is:**

- genetiese oordrag
- buitengewone omstandighede
- trauma
- mediese toestande

**Behandeling:**

'n Uiters belangrike komponent van behandeling is geestelike weerbaarheid, sê dr. Kirsten! Dan volg mediese hulp deur middel van 'n multi-dissiplinêre benadering wat bestaan uit 'n chemiese komponent, sielkundige berading en dan (waarskynlik) antidepressante. Volgens dr. Kirsten kan behandeling in ernstige gevalle soms lewenslank duur! Sy het egter beklemtoon dat deurlopende skakeling met die dokter of terapeut móét plaasvind en ook genoem dat oefening baie belangrik en 'n gesonde dieet onontbeerlik is. Sy het daarop gewys dat langtermyn behandeling óók dikwels newe-effekte inhou.

Sy het ook aandag gegee aan uitbranding. Hierdie "veg of vlug" sindroom is 'n geleidelike proses wat uiteindelik ook tot depressie kan lei. Dit is nie geneties nie, maar gebaseerd op persoonlikheid. Die persoon wat uiteindelik "uitbrand", is gewoonlik die wat baie wil bereik of 'n werlike verskil wil maak. Om hierdie sindroom te kan eien, moet die waarnemer baie subtiel optree om dit te kan raaksien. Daar kleef egter 'n groot stigma hieraan, sê sy. Om dit te behandel is 'n terapeut uiters belangrik. Duidelikheid oor prioriteite is ook onontbeerlik.

Afhanklikheid van middels is fisies van aard. Die liggaam gaan in 'n ontrekking-simptoom in wat lei tot irritasie en selfs toevalle, iets soos epilepsie. Daarenteen is verslawing 'n gewoonte, byvoorbeeld om te rook. Dr. Kirsten noem hier ook van die term "binging" (3 maande niks – dan op een slag totaal oorboord gaan). Dit kan ook te wyte wees aan 'n bipolêre steurnis. Die oorsake van afhanklikheid en verslawing is gewoonlik te wyte aan self-behandeling en groepsdruk. Om van beide toestande ontslae te raak is uiters moeilik. Multi-dissiplinêre terapie is onontbeerlik, óók fisiese middels en 'n ondersteuningsraamwerk, naamlik kerk en familie het sy beklemtoon.

Wat kan ons vir ons broeders en susters doen? 1 Tess. 5:11. **"Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen".**

Ons het mekaar se bemoediging baie nodig! Al ken jy God se beloftes, en al weet jy dat God jou bestem het om deur Jesus Christus verlos te word, duik daar tye op wanneer jy dringende behoefte daaraan het dat ander jou daaraan moet herinner.


# ’n Dubbele dosis geloofsversterking

Ds. Pieter Kurpserhoek

Septembermaand is lentetyd, die tyd waarin ons nuwe groei sien en beleef. Hoe het ons as gemeente dit nie met die laaste twee oggenderedienste van September ervaar nie!



Op Sondag 21 September het **Stefan Bezuidenhout** sy geloof kon bely. Op besondere manier het ons Here Stefan weer veilig by Hom laat tuiskom. Een week later, op Sondag 28 September, het nog ’n Stefan, hierdie keer **Stefan Conradie**, sy geloof openlik bely. Die Gees van ons Here Jesus het geloofsgroei bewerk, waarvoor ons Hom dank!





Die einste Stefan Conradie - saam met Anneli – het ook op Sondag 28 September gehoor en gesien hoe ons Here Hom aan hul dogtertjie **Heidi** verbind het. Maar die Here stap ook al ’n lang pad met Chris en Leandré van de Wetering saam met hul kinders, en het ook teenoor kleinboet, **Leander**, bevestig dat Hy sy Vader is en deur sy Gees in hom wil woon en werk!



Hoe kosbaar was dit nie vir ons om so ook in ons eie geloof versterk te word nie! Ons dank ons Here vir sy troue liefde en bid vir albei Stefan’s en vir Heidi en Leander dat hulle elke dag vanuit ons Here se genade in Jesus mag leef!

# Kerkfinansies

Die stand van ons gemeente se finansies tot en met einde September, word hieronder uiteengesit. Alle syfers is in Rand.

| | **September 2025** | | **Jaar tot datum** | |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomstes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Lidmaatbydraes ontvang | ** | ** | ** | ** |
| Evangeliesasie-bydraes ontvang | ** | ** | ** | ** |
| Ander inkomste (huur/rente) | ** | ** | ** | ** |
| **Totale Inkomstes** | ** | ** | ** | ** |
| **Uitgawes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Ramings | ** | ** | ** | ** |
| Instandhouding: Woordbediening | ** | ** | ** | ** |
| Evangelisasie | ** | ** | ** | ** |
| Emeriti-versorging | ** | ** | ** | ** |
| Sustentasie Mmakau | ** | ** | ** | ** |
| Bate-instanthouding & verbeterings | ** | ** | ** | ** |
| Administratiewe uitgawes | ** | ** | ** | ** |
| Sosiale bydraes | ** | ** | ** | ** |
| Jeug | ** | ** | ** | ** |
| Studentopleiding: kostes | ** | ** | ** | ** |
| Totale uitgawes | ** | ** | ** | ** |
| **Netto tekort vir die maand** | ** | ** | ** | ** |

Vir September 2025, het die kerkkas 'n netto tekort van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto tekort van ** gehad. Die lidmaatbydraes vir September 2025 was ** meer as die begrote maand lidmaatbydraes. Die lidmaatbydraes vir die jaar tot datum is ** minder as die begrote lidmaatbydraes. Ons versoek asb. die gemeentelede om getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas.

| **Instandhoudingsfonds** | **September 2025** | **Jaar tot datum** |
|---|---|---|
| Spandeer | ** | ** |

Die bate-instandhoudingsfonds het ** spandeer gedurende die maand, en vorm nie deel van die bostaande uitgawes nie.

# Ons leer ken …

Ds. Pieter Kurpershoek



## Irmela en Ilara Pelser

Gedurende die afgelope weke het twee ou-bekendes in ons gemeente, Irmela en Ilara Pelser, weer by ons as gemeente begin inskakel. Nadat hulle die afgelope jare heelwat beleef het, het ma en dogter besef dat hulle weer hier waar Ilara gedoop is, mag tuiskom om saam met ons vanuit ons Here Jesus te leef en deur sy Gees Hom te dien.



Irmela is tans 'n onderwyseres by Alma Skool vir leerders met spesiale behoeftes. Sy geniet dit om ons Here se besondere genade prakties te kan uitleef in haar werk met elke kind.

Ilara weer werk by haar tandarts-Oom as stoelassistent, terwyl sy ook administratiewe verantwoordelikhede het.

Ilara het 'n ouer boetie, Willem, wat tans in die Magaliesburg-omgewing op 'n plaas werk, terwyl haar ouer sussie, Alicia, getroud is en in Mosselbaai bly. Deur Alicia se dogtertjie, Lené, is Irmela al Ouma van een en beleef sy die vreugde van Ouma-wees baie, al is dit op 'n afstand.

Wanneer hulle nie aan die werk is nie, is Ilara besonder kunssinnig en hou sy van teken, terwyl sy ook lief is om te lees. Ma Irmela hou weer daarvan om 'n hekelpen vas te hou en neem ook verantwoordelikheid vir haar broer se versorging.

Ons is dankbaar, Irmela en Ilara, dat julle weer by ons kom inskakel het. Mag julle ons Here se genade en vrede elke dag saam met ons ervaar en mag ons mekaar bystaan in ons lewe vanuit ons Here se genade!

# Kollig op ons Kommissies en Diensgroepe

## Skakel met Grace Reformed Church

Johan Rossouw

Die Grace Reformed Church is in 2019 gestig en was voor daardie datum ’n wyk van die Gereformeerde Kerk (GK) Pretoria-Annlin. Die Grace Reformed Church is ’n selfstandige gemeente binne die Klassis Noordelike Pretoria en die Streeksinode Pretoria. Die gemeente se predikant is ds. Mauritz Bezuidenhoudt.

Die Grace Reformed Church is ’n relatief klein gemeente wat tans nie ’n eie kerkgebou het nie. Vanweë die GK Pretoria-Annlin se historiese verbintenis met die Grace Reformed Church deel die twee gemeentes die GK Pretoria-Annlin se fasiliteite. ’n Memorandum van Verstandhouding en ’n huurooreenkoms is gesluit. Dit vorm die basis vir die bestuur en regulering van die praktiese- en regsverhouding tussen die gemeentes. In terme van die onderlinge ooreenkomste huur die Grace Reformed Church die fasiliteite van GK Pretoria-Annlin.

Die onderlinge skakeling tussen die gemeentes vind op ’n kwartaallikse basis plaas in die vorm van ’n gesamentlike vergadering. Die kerkraad van die GK Pretoria-Annlin het ’n aantal verteenwoordigers afgevaardig om namens die gemeente die skakeling met Grace Reformed Church te behartig.

Die voorsitterskap van die gesamentlike vergaderings roteer tussen die 2 gemeentes. Ds. Pieter Kurpershoek is saam met vier ouderlinge afgevaardig as die kommissie vir skakeling met Grace Reformed Church.

Sake van algemene belang wat die agenda van die vergadering vorm is normaalweg
**(1) kwartaallikse aktiwiteite,**
**(2) onderlinge bespreking van die onderskeie gemeentes se kwartaallikse skedules (om botsing van tye te voorkom) soos vir nagmaaltye, doopgeleenthede en ander funksies,**
**(3) gebruik en toewysing van lokale,**
**(4) instandhouding, bestuur en gebruik van die geboue,**
**(5) parkeerreëlings,**
**(6) finansiële aangeleenthede soos die jaarlikse huur, en**
**(7) toewysing van bloktye vir gebruik van die kerk, die konsistorie, die saal en katkisasielokale.**

Uit ’n praktiese oogpunt is die uitgangspunt van die twee gemeentes om mekaar sover moontlik ter wille te wees sodat elke gemeente se bediening met so min as moontlik geraas en ontwrigting kan voortgaan. Daar rus daarom ook ’n verantwoordelikheid op elke lidmaat om die Grace Reformed Church se bediening in hulle gemeente te respekteer.



# Diakonie

## Vervoerdienstegroep



Sedert die begin van 2025 is daar tydens die diakonievergaderings gepoog om diensgroepe daar te stel om die werksaamhede van die diakonie op 'n gestruktureerde basis tot voordeel van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin te koördineer. Diakens moet lidmate begelei om met verantwoordelikheid te leef. Gelowiges dien die Here en mekaar. Elke lidmaat in die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin móét 'n geleentheid gegun om betrek te word en om te dien.

'n Vakature bestaan tans in die **Vervoerdienstegroep.** Die funksie van koördineerder (dus moet dit 'n diaken wees!) vereis dat die vervoer van behoeftige lidmateen die daarstelling van saamrygeleenthede gekoördineer word. Koördinering word ook benodig om aan bejaardes en/of gestremde lidmate wat nie oor hul eie vervoer beskik nie, 'n saamrygeleentheid te bied om eredienste of ander gemeente-byeenkomste by te kan woon.

Die vervoerdienstegroep sal onderverdeel word in sewe sub-groepe om beheer te vergemaklik. Noue skakeling met ouderlinge in wyksverband asook skakeling met ander diensgroepe sal onontbeerlik wees.

Hierdie diensgroep het ten doel om vervoerverwante aspekte van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin te ondersteun om sodoende 'n gesonde ondersteuningstruktuur in ons gemeente daar te stel.

Die daarstelling van die vervoerdienstegroep is ook daarop gemik om ons gemeentelede wat oor spesifieke Geestesgawes beskik, dienswerk te laat lewer om Jesus te dien!

Sien u kans om as diaken en koördineerder vir die vervoerdienstegroep te dien? Kontak gerus vir br. Jan Idema, voorsitter van die Diakonie.




# Blokraai
# Oktober 2025

**Vorige korrekte blokkiesraaisels:**

**Hettie Wannenburg**
**Cobie Plomp**

- Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kalender.
- Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.
- Maak 'n kopie/afskrif en voltooi dan die blokkiesraaisel. Vir die gerief van ons ouer lidmate is 'n paar kopieë op die kennisgewingbord beskikbaar.
- Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papierweergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

## Naam en van: ______________________



# Blokraai (vervolg)

## Leidrade - Af:

**1**. Tema van hierdie maand se uitgawe. (Voorblad)
**2**. Gasspreker se aanspreektitel (afk.). (uit Praatjie verskaf kritiese inligting)
**3**. Volgens die Rooms Katolieke Kerk is kerklike tradisie en die ___ gelyke gesagsbronne. (uit Altyd Reformeer)
**4**. Toewysing van bloktye vir hierdie fasiliteit word as sake van algemene belang beskou. (uit Skakeling met GRC Northern Pretoria)
**7**. Die Latynse woord vir hervorming of reformasie. (uit Elke dag hervorm!)
**10**. Hy word beskou as die vader van die gereformeerde kerk (sy van). (uit Hervorming in die Christelike geloof)
**13**. Die Rooms Katolieke Kerk het 'n eie gesagstruktuur onder die hoofskap van dié persoon in Rome onderhou. (uit Altyd reformeer)
**16**. Spreekwoordelike ___ in skaapklere! (mv.) (uit Verandering en hernuwing)

## Leidrade - Dwars:

**2**. 'n Geestestoestand met menigte oorsake. (uit Praatjie verskaf kritiese inligting)
**5**. Herlewing en hervorming bring ___ (uit Herlewing, hervorming, vernuwing)
**6**. Een van die 3 groot trekvoëls genoem, nl. die ___voël. (uit Diere en Voëls van die Bybel)
**8**. Sola ___ beteken uit geloof alleen. (uit die VYF kernbeginsels van ons geloof)
**9**. Sola ___ beteken uit die skrif alleen. (uit die VYF kernbeginsels van ons geloof)
**11**. Die hervormers van die sestiende eeu het hulle verset teen die starre gesagstrukture van hierdie kerk. (afk.) (uit Altyd reformeer)
**12**. Die laaste woord van die Latynse woordgroep wat beteken aan God alleen die eer). (uit die VYF kernbeginsels van ons geloof)
**14**. Van watter soort kaartmasjien word daar melding gemaak in "Uit die redakteur se pen"?
**15**. Die vervoerdienstegroep sal onderverdeel word in soveel sub-groepe om beheer te vergemaklik. (uit Vervoerdienstegroep)
**17**. Die funksie van 'n koördineerder in die dienstegroepe móét deur 'n ___ behartig word. (uit Vervoerdienstegroep)
**18**. Die eerste woord van die Latynse woordgroep wat beteken aan God alleen die eer. (uit die VYF kernbeginsels van ons geloof)

# Het jy geweet?

Gerhard van Staden

**Die lees van die Bybel, met die oortuiging dat die Woord van God daarin gevind kan word, was kenmerkend van die gebede van die Protestante hervormers. Daarmee saam het 'n versekering gegaan dat die gelowige vrye toegang tot God het deur Christus sonder die strukture van sakramente en priesters (soos opgerig deur die middeleeuse kerk).**

**'n Onderskeidende kenmerk van die hervormers was dat 'n nuwe waarde aan die individu toegeken is – 'n gevolg van die aanspraak dat die individu, wat geregverdig is deur geloof, vir God saak maak.**



Bronnelys:
Sadgrove, Michael. Godsdienste van die wêreld. Struik Christelike Boeke. Kaapstad. 1989.

# Diere en voëls van die Bybel

## Groot trekvoëls (Deel 6)

Gerhard van Staden

Die definisie van 'n trekvoël kan kortliks omskryf word as 'n spesie (voëlsoort) wat gewoonlik langafstandvlugte tussen sy broei- en nie-broeigebiede onderneem. Die Beloofde Land se ligging en geografie is 'n baie prominente natuurlike vlugroete vir hierdie trekvoëls. Alhoewel daar baie soorte trekvoëlspesies in die Beloofde Land voorkom (ongeveer 350 spesies om presies te wees!) sal ons slegs op die ooievaar, die pelikaan en die kraanvoël in hierdie uitgawe fokus.

In Eks. 16:13 word die eerste keer in die Bybel melding gemaak van trekvoëls, naamlik kwartels (meer oor dié voëltjies sal in 'n latere uitgawe beskryf word). In Jer. 8:4-13 wys Jeremia daarop dat die raadgewers van die koning self onlogies en dwaas optree. In Jer. 8:7 sê Jeremia (figuurlik gesproke) dat selfs diere soos trekvoëls (trekooievaar, tortelduif, swaeltjie en die kraanvoël) weet wanneer dit tyd is om terug te kom. Met ander woorde, wanneer 'n mens in sonde geval het, moet jy daardie sonde bely en dan terugkeer na God.

Die ooievaar is as onrein beskou. In Ps. 104:17 sien ons dat die ooievaars voorheen in die beloofde nes gemaak en gebroei het, maar tans is dit nie meer die geval nie. In Sag. 5:9 lees ons dat Sagaria 'n mandjie met 'n vrou daarin sien (wat goddeloosheid simboliseer) wat na Babilon verban word.



Alhoewel die naam sprinkaanvoël in die teks genoem word, is dit as 'n tipe ooievaar in hierdie konteks bedoel. Die ooievaar word as nuttig beskou, veral vanweë sy neiging om ook slange te vang.

In Ps. 102:7 noem die psalmis dat hy so verlate voel soos 'n pelikaan in 'n woestyn. Die pelikaan is óók as onrein beskou. Pelikane word egter selde gesien (een soms twee keer per jaar) en vlieg so vinnig as moontlik oor die gebied deur gebruik te maak van die lugstrome.

In Jes. 38 lees ons van Hiskia se siekte en herstel. In vs. 14 sê hy: "Ek het gekerm soos 'n voël wat kerm ...". Die voël wat hier na verwys word is die kraanvoël. In Jer. 8:7 word die kraanvoël ook genoem. Dit word vermoed dat die kraanvoël wel as voedsel vir die Jode gedien het omrede dit nie op die lys van onreindiere voorkom nie en ook omdat die spesie hoofsaaklik vegetaries is.



Soos ons met die reeks vorder, sal ander trekvoëls wat nie hier genoem is nie, maar tog 'n belangrike rol in die Bybel gespeel het, ook onder bespreking kom. Volgende keer kyk ons na die watervoëls.

Bronnelys:
Cansdale, George. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House. 1970

# Verandering en hernuwing

Henriëtte Mulder

Dit is maklik om opgesweep te raak oor die dinge wat ons om ons sien en hoor. Dan vergeet ons baie maklik van die dinge wat belangrik is. Ons vergeet wat die waarheid is en volg die massas as hulle dinge sê wat 'n tikkie waarheid inhou – net genoeg om ons harte te mislei sodat ons nie sien dat die waarheid gebruik word om die leuen te verbloem nie.

Ons word alreeds in die Ou Testament teen vals profete (enige iemand wat 'n valse boodskap as die waarheid versprei) gewaarsku en in 1 Johannes word ons weereens teen hierdie profete gewaarsku. Maar ons kry ook raad oor hoe om hulle te herken:

**"... moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is. Hiéraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie."**
**1 Johannes 4:1**

**"Ons moet ons bekommernisse na Hom neem sodat Hy ons kan lei ..."**

Ons moet oplettend wees en nie alles glo sonder om met God oor die dinge wat ons hoor en sien te praat – byvoorbeeld deur gebed, lofsang of 'n gebedsjoernaal – nie. Ons moet ons bekommernisse na Hom neem sodat Hy ons kan lei sodat ons kan weet dat die mense wat vir ons boodskappe bring die Waarheid verkondig. God het aan ons die Bybel gegee sodat ons Hom en sy Woord daardeur kan ken. As ons egter nie sekerheid uit sy Woord kry nie, kan ons maklik mislei word. Ons gaan dan verander, maar nooit vernuwe nie.

Ons lewens moet **daagliks deur Christus vernuwe word** – Hy het immers vir ons gesterf sodat ons 'n tweede kans op die lewe kan hê. 'n Kans om direk met Hom te kan praat, te lewe met lewenslus wat net van God kan kom. God het vir ons die versoening in Jesus gegee om nuwe mense in Hom te word. Mense wat sy wil uitleef, wat sy Woord uitdra en wat raaksien wie die wolwe in skaapklere om ons is. Ons moet ook waak daarteen om nie self die wolwe te wees nie, maar as nuwe verloste mense in Hom te lewe. So verkondig ons ook die Woord van die Here.



Kinderhoekie

## Die Groot Geheim – Slot

Nicola du Plessis

Dit is ’n week later. Die son se strale breek net-net op die horison. Die skooltas vlieg voor Edwin verby. Dit verminder spoed en kom dan netjies teen die paal tot stilstand.

“Dit werk!” gil Suzanne opgewonde.

“Ek het jou mos gesê dit gaan ... een of ander tyd.” Edwin klink hoogs beïndruk met die remme wat hy ontwerp het. Anzel en Lea high-five.

“Sowaar!” Die verbasing in Herman se stem is duidelik hoorbaar.

“Al wat nou oorbly om te doen, is om vir die hoof te sê ons is klaar.” Lea buig na haar vriende en voeg dan ingedagte by: “En dan kan hy die groot nuus deel.”

Later die oggend staan hulle op die aantreeblad. Soos gewoonlik is Edwin se aandag oral behalwe by die hoof se toespraak. Tot hy sy naam hoor ...

“... Luan, Herman, Suzanne, Anzel en Lea, ses van ons graad sewes het ’n hulpmiddel vir die res van die graad sewes beskikbaar gestel. Hierdie vindingryke leerders het besluit om ’n glykabel van die derde verdieping na onder te bou om jou tas sonder moeite van bo na onder te kry.” ’n Paar wolwefluite klink tussen die graad sewes op. “Ek vra dan hierdie ses leerders om die fasiliteit amptelik te open.”

Hulle stap na die gebou toe waar iemand sowaar rooi lint oor die gras gespan het.

Twaalf hande hou die skêr saam vas.

“Vyf! Vier! ...” begin die skool aftel.


“... Een! Nou!” Die lint val slap. ’n Groot gestamp en gestoot breek los soos almal probeer om eerste die nuwe kontrepsie van nader te beskou. Vandag gaan die graad sewes meer uitsien na klaswissel as na pouse!



## Kleuterpret

# Inkleurprent

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Plaas dan jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!



# Jongmensjolyt

## Aktiwiteit

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak. Bestudeer die boonste prent en vind die verskille in die onderste prent. Daar is 13 verskille om te vind.





## Briefie vir die maandblad: Kerkkamp

Dit was weer daardie tyd van die jaar. 'n Tyd van opwinding, vermaak en lag. Van swem en baljaar tot meer kreatiewe aktiwiteite, was die kerkkamp met pret belaai!

Tydens Vrydagaand se nagmars het ons meer van die Bybel geleer, met elke fasiliteerder wat sy/haar gunsteling Bybelvers met ons gedeel het voordat ons 'n speletjie gespeel het.

Saterdag het ons die dag ingegaan met koffie en beskuit, insiggewende praatjies en lekker kuier. Ons het 'n heerlike eiergereg vir ontbyt geëet voordat ons die yskoue swembadwater gaan aandurf het. Later het ons ons kreatiewe kant gewys deur klei osse en kraletjie armbandjies te maak. Ons het natuurlik elke moontlike oomblik benut om weer 'n draai in die swembad te maak.

Ons het die water verruil vir heerlike hamburgers en slaptjips. Later het ons van nog prettige aktiwiteite te hore kom... Boeresport! Het jy al ooit probeer water dra in 'n beker vol gate? Het jy al ooit 'n prentjie probeer teken wat net een lid in jou span gesien het en niemand mag 'n woord sê nie? En het jy al ooit deur 'n mynveld probeer stap? Dis aktiwiteite soos dié wat vermaak verskaf het aan deelnemers en toeskouers oud en jonk, en natuurlik ons spangees op die proef gestel het. Maar almal kan nie wenners wees nie... die Barbies het stof in ons oë geskop en met die boeresport trofee én die geesbeker weggestap.
Ons het die aand afgesluit met roomys en lekker kuier.

Sondagoggend het ons weer koffie en beskuit geniet voor ons 'n erediens gehad het. Ons het die kamp op 'n hoë noot afgesluit met die heerlikste ham, salami en kaas broodjies, waarna almal gegroet het en in die pad geval het. So het n baie lekker naweek tot 'n einde gekom.

Ons kan nie wag vir volgende jaar se kamp nie...

Nicola Du Plessis

# Advertensies

## Blokadvertensies

### BLOKKIE VIR 'N KOFFIE

1 November 2025
9:00 tot laat
Pick n Pay
Kolonade Retail Park

Elke 2 blokkies verdien 'n gratis koffie!
Bring jou eie blokkie van 7 rye of gebreide blokkie (15cm x15cm)

Alles ten bate van die KOMBERSENGELTJIES




### *Annlin Senior-ontbyt*

*Graag nooi ons al ons senior lidmate bo 70 vir die heerlike braai-ontbyt!*

*1 November 2025*
*om 10:00*
*GK Annlin kerksaal*

*Bring gerus jou eie vonkelwyn of bier saam.*

### DIAKONIE VERVOERDIENSTEGROEP

**Die GK Pretoria-Annlin benodig die dienste van 'n lidmaat om as koördineerder van die vervoerdienstegroep te dien. Daar sal van u verwag word om as diaken aangestel te word en dat u ook bereid sal moet wees om sewe groepe se aktiwiteite onder u beheer te koördineerder.**
**Vir verdere inligting kontak gerus:**
**Br. Jan Idema**
**Diakonie Voorsitter**




### Gesamentlike Hervormingsdiens

Graag nooi GK Kameeldrift u vriendelik uit na die gesamentlike Hervormingsdiens van die klassis - **26 Oktober 2025**, tydens aanddiens.

**WAAR:** GK Pta-Annlin
**ADRES:** Braam Pretoriusstraat 82
**DATUM:** 26 Oktober 2025
**TYD:** 18h30

Die Hervormingsdiens sal waargeneem word deur ds. Nic van der Walt. Koffie, tee en verversings word aangebied na die erediens.

Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms: